LAEVELD AGROCHEM
Sedert 1991

Agri Technovation

Agri BONUS
Reward yourself
Verdien punte op alle produkte



Saam boer ons vooruit

## Nico Wolmarans

Augrabies

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**


**Vir professionele advies kontak gerus vir Nico**
**Tel: 084 584 8082 E-pos: nicowol@laeveld.co.za**


Nico Wolmarans het op ’n plaas naby Heidelberg in Gauteng grootgeword en het in 1998 by Hoërskool Bastion in Krugersdorp gematrikuleer. Hy het toe hy nog ’n skolier was, en later as student tydens vakansies in die Benede-Oranjeriviergebied gewerk. Hy het in dié tyd ’n liefde vir tafeldruiwe, sitrus en die Noord-Kaap ontwikkel.

Hy is na sy tersiêre opleiding as ’n Tegniese bestuurder by ’n tafeldruif-, sitrus- en rosyntjie-produsent, uitvoerder en markleier in die Benede-Oranjeriviergebied in diens geneem. Hy het later van werk verander en is in 2009/2010 as hoofbestuurder oor 150ha tafeldruiwe, rosyntjies, pekanneute, sitrus en lusern aangestel.

In 2011 is Nico die geleentheid gebied om as konsultant by ’n bemestingsmaatskappy ingekontrakteer te word. Hy het toe sy eie verkoops- en bemarkingsonderneming begin, wat die Benede-Oranjeriviergebied diens.

Nico het sy vrou, Elizna, in die Benede-Oranjeriviergebied ontmoet en hulle is in 2008 getroud. Hulle het drie kinders en die gesin geniet die buitelewe saam, ry graag 4x4 en kamp gereeld.

Nico is tans besig met sy BSc Landbougraad by Unisa, en sy studies neem die grootste deel van sy vrye tyd in beslag. Hy leef sy passie vir landbou daagliks uit. Hy ag elkeen van sy kliënte as belangrik en poog om die beste diens te lewer, ongeag van die grootte van ’n kliënt se onderneming.

*Nico is oortuig daarvan dat hy saam met die kundiges van Laeveld Agrochem ’n ingrypende verskil en waardetoevoeging tot sy kliënte se ondernemings kan maak.*

**GEWASSE: Sitrus, Wingerd**
**AANBIEDING: Oesbeskerming, Plantvoeding, Presisie dienste, Belasting Rabat dienste (Fuel Management Solutions)**